

# AgriWater bevorder waterkwaliteit met innoverende waterbehandelings-tegnologie




## Die AgriWater stelsel bevorder:

### AgriWater behandel jaarliks meer as 350 plase en 60 000 hektaar besproeiingsgrond in Suid-Afrika!

**AgriWater** waterbehandelings-tegnologie verbeter waterkwaliteit sonder om water te steriliseer. Die tegnologie is wetenskaplik nagevors en ook prakties bewys op operasionele plase waar **AgriWater** deurgaans dieselfde resultate behaal.

Die gespesialiseerde **AgriWater** Gevorderde Oksidasie Proses (AW-AOP) bevoordeel alle aspekte van volhoubare boerdery-praktyke, is omgewingsvriendelik en het geen skadelike uitwerking op besproeiingstelsels, water, grond of gewasse nie.



## Die AgriWater eenheid is reeds deeglik bewys:

- Onbepaalde volume water kan behandel word
- Word maklik op bestaande besproeiingstelsel geïnstalleer
- Bekostigbare eenmalige kapitale uitgawe per hektaar
- Lewensverwagting van meer as 10 jaar
- Lae maandelikse bedryfskoste
- Maklik om te bestuur



Kontak ons vir meer inligting:  (0)12 940 4398

 [www.laeveld.co.za](http://www.laeveld.co.za)

# AgriWater bevorder waterkwaliteit met innoverende waterbehandelingsstechnologie



AgriWater waterbehandelingsstechnologie is wetenskaplik nagevors en ook prakties bewys om waterkwaliteit te verbeter, skoon besproeiingstelsels te bevorder en grondverdigting te verminder sonder om water te steriliseer.

## Beter waterkwaliteit

Die Agriwater eenheid kan op enige besproeiingstelsel (drup, spilpunt, sprinkel, mikro, vloed, ens.) geïnstalleer word, waar die Agriwater Gevorderde Oksidasie Proses (AW-AOP) die volgende chemiese, biologiese en fisiese veranderinge in die besproeiingswater veroorsaak:

- Die water se pH word effens meer na neutraal gebuffer
- Karbonate word geoksideer na koolstofdoksied wat die vorming van kalsium- en magnesiumkarbonaat soutparikels baie verlaag in besproeiingswater
- Chloriede en swaarmetale (bv. yster & mangaan) word geoksideer tot minder plantopneembare vorme wat toksisiteit verminder en beweegbaarheid deur en uit die grondprofiel bevorder
- Deeltjies of neerslag word geoksideer tot nanoskopiese groottes wat deur die filters en besproeiingstelsels beweeg sonder om dit te verstop
- Giftige chemikalieë afkomstig van nywerhede, landbou asook riool word afgebreek tot minder skadelike vorms
- Turbiditeit verlaag en organiese materiaal word afgebreek
- Hoë konsentrasies koolstofdoksied en suurstof is in behandelde besproeiingswater teenwoordig

## Skoon besproeiingstelsel

Die bron en kwaliteit van besproeiingswater bepaal hoeveel fisiese, biologiese en chemiese sediment of aanpaksels in die filters en besproeiingstelsels gedeponeer word asook die skoonmaak en bestuursvereistes daarvan.

Hierdie neerslag word gevorm deur verskeie kombinasies van slik, klei en organiese materiaal (fisiese bronne); bakterieë en alge (biologiese bronne); en soute, metale en minerale (chemiese bronne) in die besproeiingswater. Die neerslag vorm aanpaksels en kan besproeiingstelsels gedeeltelik of volledig laat verstop.

Die AW-AOP werk in die water wat deur die besproeiingstelsel gelewer word en breek die aanpaksels volledig af, verhoed enige verdere neerslagvorming en hou dus die besproeiingstelsel voortdurend skoon op 'n omgewingsvriendelike wyse.

Skoon besproeiingstelsels:

- Bevorder eenvormige toediening van water & kunsmis
- Verminder spoel van hoof- / sublyne & terugspoel-siklusse van filters
- Bespaar arbeids- & instandhoudingskoste
- Hou stelsel outomaties & deurlopend skoon
- Verleng die lewensduur & verminder vervangingskoste

## Minder grondverdigting

Oormatige soute in besproeiingswater veroorsaak wanbalanse in grondvrugbaarheid en dra by tot grondverdigting.

Dit is duur om hierdie probleme met algemene landboupraktyke en insette aan te spreek, en nie altyd suksesvol nie.

Die AW-AOP lei tot verskeie natuurlike chemiese reaksies in die besproeiingswater wat oorgedra word na die grondoplossing.

Die uitsetting van kleideeltjies verminder drasties omdat kalsiumione die natrium op die kleikolloïede verplaas. Gevolglik neem porie-volume tussen die gronddeeltjies toe en sodoende verbeter gronddeurlugting.

Terselfdetyd word grondbiologie gestimuleer en die natuurlike prosesse bevorder grondvrugbaarheid en gewasproduktiwiteit wat lei tot:

- Dieper & welige haarworelgroei
- Beter waterinfiltrasie & waterverbruiksdoeltreffendheid
- Verhoogde beskikbaarheid van minerale & beter basisversadiging-verhoudings
- Herstelde grondgesondheid & verbeterde waterhouvermoë
- Stel ander landbou-insette in staat om meer doeltreffend te werk



Kontak ons vir meer inligting:

[www.laeveld.co.za](http://www.laeveld.co.za)